**Ware aanbidding in gees en waarheid**

**Joh 4:1-26**

**16 Maart 2025**

1. Vantevore: Johannes die Doper het onderskei dat die Here Jesus die Een is wat werklik van sondeskuld kan reinig – Hy moet daarom meer word, en Johannes minder. Die Here Jesus het mens geword ook met die doel om aan ons die woorde van God te kom bekend maak.
2. ‘n Samaritaanse vrou (Joh 4:1-9)
    a. Omdat Fariseërs Jesus se gewildheid sien, gaan Hy na Galilea deur Samaria
    b. Samaritane = afstammelinge van noordelike 10 stamme, vermeng met ander volke
    c. Samaritane erken net Pentateug, verwag ‘n Messias soos Moses (Deut 18:15), aanbid op Gerisimberg (vgl Deut 12:5, Gen 12:6-7)
    d. Die Here Jesus as Joodse man praat met ‘n Samaritaanse vrou
    e. Vergelyk: Nikodemus (benoem, Jood, geleerd, gesagvol, gerespekteerd, teologies opgelei) met Samaritaanse vrou (naamloos, Samaritaan, ongeskool, sonder invloed, verag, beperkte godsdienstige kennis) – maar beide het behoefte aan Jesus
    f. Met wie is jy bereid om te praat oor die evangelie?
3. ‘n Fontein van lewende water wat opborrel tot die ewige lewe (Joh 4:10-15)
    a. Die Here Jesus bied aan die vrou lewende water aan – maar sy verstaan nie
    b. Lewende water ≠ fisiese water; lewende water = les dors effektief, word in die persoon fontein van lewende water, lei tot ewige lewe
        - Jes 12:2-3 – Verlossing beteken om water te mag skep
        - Jes 49:10 – Water les werklik die dors
        - Jes 44:3 – Water = Heilige Gees
        - Eseg 36:25-27 – Water reinig en Heilige Gees woon in harte
        - Jes 55:1-3 – Water is verniet, en lei tot die lewe
4. Ware aanbidders aanbid die Vader in gees en waarheid (Joh 4:16-26)
    a. Die Here Jesus wys die vrou se dors deur haar te herinner aan haar sonde met baie mans – sy erken Hy is ‘n profeet
    b. Sy wil weet: Aanbidding op Gerisim of in Jerusalem?
    c. Die Here Jesus se antwoord: Voortaan nie een van die twee nie, wel in gees en waarheid
    d. God is Gees: God is geestelike Wese, onkenbaar vir ons as mense, maar:
        - Die Here Jesus het mens geword – ons kan Hom sien (Joh 1:14)
        - Die Here Jesus praat die woorde van God – ons kan God hoor (Joh 3:34)
        - Die Here Jesus straal die heerlikheid van God uit (Heb 1)
        - Die Here Jesus doop met die Heilige Gees (Joh 1:33)
        - Om waarlik te aanbid moet iemand uit water en Gees gebore wees (Joh 3:5)
        - Die Here Jesus gee lewende water – die Heilige Gees (Joh 4:10)
        - Die Here gee die Heilige Gees nie in geringe mate nie (Joh 3:34)
    e. Die effek van Jesus wat die lewende water (Heilige Gees) gee, en wat ‘n fontein word in die gelowige, stel hom instaat om in gees en waarheid te aanbid
    f. Hoe lyk aanbidding in waarheid? Diep inhoud van God se openbaring, veral van die werk van die Seun en die Gees
    g. Hoe lyk aanbidding in gees? Moet uit die hart kom wat opborrel, vrymoedig en opgewonde, nie vrypostig of koud nie